

# GILGAL EN GALILEA

Josua 4 het geëindig met die 12 klippe wat by Gilgal gepak is as ‘n monument dat JaHUaH hulle droogvoets deur die Jordaan gelei het.

Onder is ‘n foto van die Jordaan wanneer dit in die Lentetyd in volle vloed is en ‘n kaart vir oriëntering.






Vandag wil ons ‘n bietjie stilstaan by die woordjie “Gilgal”. Name en plekke beteken iets in die Skrif.

Daar is so baie van die Evangelie verskans in dit wat gebeur het met Josua en die volk toe hulle die Beloofde Land moes ingaan soos ook hier by Gilgal.

> Jos 4:19 En die volk het op die tiende van die eerste maand uit die Jordaan uit opgetrek en laer opgeslaan **by Gilgal**, aan die oostelike grens van Jérigo.
> Jos 4:20 En daardie twaalf klippe wat hulle uit die Jordaan geneem het, het Josua **by Gilgal opgerig**.
> Jos 4:21 En hy het met die kinders van Israel gespreek en gesê: Wanneer julle kinders later hulle vaders vra en sê: **Wat beteken hierdie klippe**?
> Jos 4:22 dan moet julle dit aan julle kinders bekend maak en sê: **Op droë grond het Israel deur hierdie Jordaan getrek**,
> Jos 4:23 deurdat JaHUaH julle Elohiem die water van die Jordaan voor julle uit laat opdroog het, totdat julle deurgetrek het, **<u>soos</u>** JaHUaH julle Elohiem gedoen het me**t <u>die Skelfsee</u> wat Hy voor ons uit laat opdroog het, totdat ons deurgetrek het;**
> Jos 4:24 dat al die volke van die aarde kan weet dat die Hand van JaHUaH sterk is, sodat julle JaHUaH julle Elohiem altyd mag vrees.

JaHUaH wys pertinent die ooreenkoms uit tussen die Trek deur die Rooi See en die Trek deur die Jordaan. Ons het gesien dat die Jordaan ‘n plek van Oorgang was. Die Rooi See is dit ook. Die Paasfees is gehou vòòr die uittog uit Egipte en die Trek deur die Rooi See, maar by die Jordaan is dit gehou nàdat hulle deur

is.  Simbolies is die Beginpunt en die Eindpunt dieselfde, dit ontmoet mekaar soos wat gebeur as mens 'n sirkel trek.

By die Rooi See het hulle 'n Oorgang op droë grond en by die Jordaan het hulle weereens 'n Oorgang op droë grond gehad .

Twee plekke van Oorgang, maar behalwe Josua en Kaleb kon diè wat die eerste keer 'n Oorgang gemaak het op droë grond, dit nie weer vir 'n tweede keer doen nie.  Dit is 'n **waarskuwing vir ons** wat op die einde van die eeue gekom het (1 Kor. 10:1 – 12).

> 1 Kor 10:1  Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie **dat ons vaders almal** onder die wolk was en **almal deur die see deurgegaan het**,
> 1 Kor 10:2  en **almal** in Moses gedoop is in die wolk en in die see,
> 1 Kor 10:3  en **almal** dieselfde geestelike spys geëet het,
> 1 Kor 10:4  en **almal** dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Messias.
> 1 Kor 10:5  <u>Maar</u> Elohiem het **in die meeste van hulle geen welgevalle gehad nie**, want **hulle is neergeslaan in die woestyn**.
> 1 Kor 10:6  En **hierdie dinge was <u>voorbeelde vir ons</u>**, dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie.
> 1 Kor 10:7  En wees ook nie **afgodedienaars** soos sommige van hulle was nie, soos geskrywe is: Die volk het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel.
> 1 Kor 10:8  En **laat ons nie hoereer** soos sommige van hulle gehoereer het nie, en daar het op een dag drie en twintig duisend geval.
> 1 Kor 10:9  En **laat ons Messias nie versoek** soos ook sommige van hulle gedoen het nie, en hulle het deur die slange omgekom.
> 1 Kor 10:10  En **moenie murmureer** soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie, en hulle het deur die verderwer omgekom.
> 1 Kor 10:11  Maar **al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde** en is opgeskrywe **as 'n waarskuwing** aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.
> 1 Kor 10:12  Daarom, wie meen dat hy staan, **moet oppas dat hy nie val nie**.

Ons moet ons nie laat weglei van Messias JaHUsha as Elohiem en Verlosser nie, terwyl mense ook nog verlei word om te glo dat die mens deur Werke gered word (Gal. 5:3 – 4, Gal. 6:12), naamlik deur die onderhouding van die Levitiese Torah van Moses.  Ons wil nie omkom in die Woestyn weens ongehoorsaamheid aan die Torah **van Messias JaHUsha** nie, wat in die hele Nuwe Testament voorkom.

Die volk is vir die tweede keer by Gilgal besny, nadat hulle oor die Jordaan is.

> Jos 5:2  In dié tyd het JaHUaH vir Josua gesê: Maak vir jou klipmesse en **besny weer** die kinders van Israel **vir die tweede keer**.
> Jos 5:3  Toe het Josua vir hom klipmesse gemaak en die kinders van Israel besny by die heuwel van die voorhuide.
> Jos 5:4  En **dit is die rede** dat Josua hulle besny het: Die **hele volk wat uit Egipte uitgetrek het**, die manspersone, al die krygsmanne, het op pad **in die woestyn gesterwe**, op hulle trek uit Egipte.
> Jos 5:5  Want die hele volk wat uitgetrek het, **was besnede**; maar die hele volk wat op pad **in die woestyn gebore is**, op hulle trek uit Egipte, **het hulle nie besny nie**.

Jos 5:6 **Want** veertig jaar lank het die kinders van Israel in die woestyn getrek, totdat die hele volk omgekom het, die krygsmanne wat uit Egipte weggetrek het, wat **nie aan die stem van JaHUaH gehoorsaam was nie**; vir wie **JaHUaH gesweer het** dat Hy hulle **die land nie sou laat sien** wat JaHUaH hulle vaders met 'n eed beloof het om aan ons te gee nie—'n land wat oorloop van melk en heuning.
Jos 5:7 Maar **in hulle plek** het Hy **hul seuns gestel**; **dié het Josua besny**; want hulle was onbesnede, omdat hulle op pad nie besny is nie.
Jos 5:8 En toe die hele volk klaar besny is, het hulle op hul plek in die laer gebly totdat hulle gesond was.
Jos 5:9 Toe het JaHUaH vir Josua gesê: **Vandag het Ek die smaad van Egipte van julle afgewentel**. Daarom het hulle dié plek Gilgal genoem tot vandag toe.

Toe die hele volk klaar besny was het JaHUaH gesê: "**Vandag het Ek die smaad van Egipte van julle afgewentel"** en Hy het gesê**: "**Daarom het hulle dié plek Gilgal genoem tot vandag toe". Hoekom Gilgal?

**Gilgal**

Gilgal beteken: "Rolling", "a wheel".

"Afwentel" is dus die kerngedagte wat lei na die woord "Gilgal". Die Engels is "Rolled away".

Die smaad of skande van die feit dat hulle Slawe in Egipte was is van Israel afgewentel of afgerol by Gilgal. Gilgal is H1537 wat nommer 1058 in die Ancient Hebrew Lexicon is. Daar is al die Verwante woorde wat met "G-L", die Gimel en die Lamed, te doen het. *( Vokale is nie in Antieke Hebreeus neergeskryf nie, maar dis wel ingelees.)*

G-L het die volgende betekenisse volgens die AHL …

- Die aksie van hierdie woord is: "Roll, Uncover, Round, Wrap, Shave.
- Dit beteken iets wat "rond" is.
- Dit verwys na voorwerpe soos: "Circle, Wheel, Drop, Infant, Boundary.
- Abstrakte betekenis is: "Redeem".
- Definisie is: "Something that is **round** or a **second time around** of a time or event". A dancing in a circle.

"Wiel" in Hebrees is H1534, naamlik "GalGal". Dit is rond en dit kan rol of in die rondte draai sodat dieselfde plek kort-kort die grond raak.
Nou kyk ons weer na die Skrifgedeelte …

- "Op droë grond het Israel deur hierdie Jordaan getrek" (Jos. 4:22) …..
- "soos JaHUaH julle Elohiem gedoen het met die Skelfsee wat Hy voor ons uit laat opdroog het, totdat ons deurgetrek het" (Jos. 4: 23) ….
- "Vandag het Ek die smaad van Egipte van julle afgewentel. Daarom het hulle dié plek Gilgal genoem tot vandag toe" (Jos. 5:9).

Wat sien ons?

- Ons sien dat daar 2 keer droogvoets deurgetrek is en dit vorm die sirkel waar die Beginpunt die Eindpunt ontmoet, dis dieselfde punt ("a second time around").

- Daar is "rol" of "afwentel", wat ook te doen het met Verlos/"Redeem". Om iets of iemand terug te koop of "Af te los" *(Redeem)* is H1350, Ga-'al. *(Ons is eers deur Hom gemaak, daarna moes Hy ons loskoop uit die Slawerny van Egipte, naamlik die slawerny van sonde)*

Dan is daar nog belangrike betekenisse waar "rond" die Kerngedagte is soos wat ons dit in die AHL 1058 kry …

- Die Engelse woord "skull" se oorsprong is ook vanaf G-L… *(die S is bygevoeg en die G is omgeruil met 'n K)*. Dis waar ons die Griekse "Golgota" vandaan kry, wat 'n skedel is en 'n skedel is Rond.

- G-L dui ook 'n Grens aan, want 'n grens gaan rondom iets.

- Die Rondheid van die Sirkel dui ook "Ewigheid" aan. Daar is nie 'n begin en 'n einde nie. Dit hou verband met die Ewige Lewe, daarom weet ons verseker dat die Oorsteek van die tweede Water, die Jordaan, die Geestelike Beloofde Land inhou, naamlik die Ewige Lewe.

- Dan is daar die ooreenkoms tussen die woorde "Gilgal" en "Galilea". "Galilea" is die Nuwe Testamentiese weergawe van "Gilgal". Fisies is dit nie dieselfde area nie, maar geestelik is dit wel.

**<u>Galilea</u>**

Galilea beteken "kring/kringloop/omtrek" *(circuit)*.

Dit is wonderbaarlik hoedat die woord "Galilea" verwant is aan die woordjie "Gilgal". Dis in Galilea waar JaHUsha se bediening was en Jesaja het daarvan ook geprofeteer. Dit kom nie mooi in die Afrikaanse Vertaling uit nie, maar die Engels wys dit wel. Wat vertaal is as "<u>streek</u> van die heidene" is eintlik letterlik die woord "<u>Galilea</u> van die heidene", soos die Engels dit wel het. Dit gaan oor die woordjie Strong's H1551.

*(Jes. 8:23 in die Afrikaans is dieselfde vers as Jes. 9:1 in die Engels.)*

> Jes. 8:23 Want nie langer sal dit donker wees daar waar benoudheid is nie: in die eerste tyd het Hy die land Sébulon en die land Náftali in veragting gebring, en in die laaste tyd bring Hy tot eer die weg na die see, die oorkant van die Jordaan, **<u>die streek</u>** van die heidene *(Streek = <u>Galilea</u> – H1551).*
> Jes. 9:1 Die **volk wat in duisternis wandel**, het 'n <u>groot lig gesien</u>; die wat woon in **die land van die doodskaduwee**, oor hulle **het 'n lig geskyn.**
> Jes. 9:2 U het die nasie vermenigvuldig, hulle vreugde groot gemaak; hulle is vrolik voor u aangesig soos iemand vrolik is in die oestyd, soos iemand juig as die buit verdeel word.
>
> Isa 9:1 Nevertheless the dimness *shall* not *be* such as *was* in her vexation, when at the first he lightly afflicted the land of Zebulun and the land of Naphtali, and afterward did more grievously afflict *her by* the way of the sea, beyond Jordan, in **<u>Galilee</u>** of the nations.

> Isa 9:2 The people that walked in darkness have seen a great light: they that dwell in the land of the shadow of death, upon them hath the light shined.
> Isa 9:3 Thou hast multiplied the nation, *and* not increased the joy: they joy before thee according to the joy in harvest, *and* as *men* rejoice when they divide the spoil.

Die vervulling van hierdie profesie van Jesaja is op verskeie plekke in die N.T. uitgelig en Matt. 4:12 – 17 bring dit ook in konteks met Galilea.

> Mat 4:12 En toe JaHUsha hoor dat Johannes in die gevangenis gesit was, het Hy **na Galiléa** teruggegaan.
> Mat 4:13 En Hy het Násaret verlaat en gaan woon in Kapérnaüm aan die see, in die gebied van Sébulon en Náftali,
> Mat 4:14 <u>sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het</u>:
> Mat 4:15 Die land Sébulon en die land Náftali, na die see toe, **oorkant die Jordaan, Galiléa van die heidene**—
> Mat 4:16 **die volk wat in duisternis sit, het 'n groot lig gesien**, en die wat sit in <u>die land en skaduwee van die dood</u>, vir **hulle het 'n lig opgegaan**.
> Mat 4:17 **Van toe af** het JaHUsha begin om te preek en te sê: **Bekeer julle**, want die <u>Koninkryk van die hemele het naby gekom</u>.
>
> Luk 1:79 om **te skyn** oor die wat **in duisternis en doodskaduwee sit**, om ons voete na die pad van vrede te rig.
>
> Ef. 5:8 Want **vroeër was julle duisternis**, maar nou **is julle lig in die Meester**—wandel soos kinders van die lig.
>
> Joh 8:12 En JaHUsha het weer met hulle gespreek en gesê: **Ek is die lig van die wêreld**; wie My volg, sal sekerlik **nie in die duisternis wandel nie**, maar <u>sal die lig van die lewe hê</u>.

Vergelyk ook Jos. 20:7 (eerste voorkoms van die woord) en Hand. 13:31 (laaste voorkoms van die woord) en die kerngeskiedenis by 1 Kon. 9:10 – 13 en 2 Kon. 15:29. Nog inligting is beskikbaar by die volgende skakel …

- https://www.thegospelcoalition.org/blogs/justin-taylor/7-differences-between-galilee-and-judea-in-the-time-of-jesus/

In Galilea is daar ook die "See van Galilea" wat eintlik 'n meer is en ook die "Meer van Galilea" genoem word, maar wat ook bekend staan as die "Kinneret", wat 'n Harp is, omdat die meer die vorm van 'n Harp het.

'n Harp is ook simbolies verbind aan die "Hart" soos wat Dawid vir Saul op die Harp gespeel het wanneer Elohiem se Gees nie meer in sy hart was nie en met die speel van die Harp is hy dan verlos van bose magte wat hom geteister het, en kon hy weer kontak hê met Elohiem se Gees (1 Sam. 16:14 - 23). Daar is sulke verwysings na die Harp in veral die Psalms, maar dit is as "Siter" vertaal in die 1953 Afrikaanse Bybel.

Ons lees van "Kinneret" in Num. 34:11 en Jos. 13:27. Die simboliek van die Harp met die Hart, bring na vore waarom Galilea o.a. as area belangrik was vir die verkondiging van die Evangelie. Dit was meestal fisiese onbesnede mense wie se harte dan besny is …. "die volk wat in duisternis sit, het 'n groot lig gesien".

In Galilea het die Gelowiges hulle Harte van klip verruil vir Harte van vlees. Hulle het 'n Hartoorplanting gekry, om dit so uit te druk. Dit kom uit in 2 Kor. 3. Met besnydenis is Vlees afgesny met Klipmesse terwyl Kliptafels van die Hart hier Vleestafels geword het met die "raaksien" van JaHUsha as Messias. Dis soos om "met 'n onbedekte gesig in 'n spieël die Heerlikheid van JaHUaH te sien en **verander te word** na dieselfde beeld" … m.a.w. 'n geestelike ervaring.

> 2 Kor 3:3 omdat julle duidelik 'n brief van **Messias** is deur ons diens berei, geskrywe nie met ink nie, maar met die **Gees van die lewende Elohiem**; nie op <u>kliptafels</u> nie, maar op die <u>vleestafels van die hart</u>.
>
> 2 Kor 3:17 **JaHUaH is die Gees**, en waar die Gees van JaHUaH is, daar is vryheid.
> 2 Kor 3:18 En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die **heerlikheid van JaHUaH** aanskou, word ons van <u>gedaante verander</u> **na dieselfde beeld**, van heerlikheid tot heerlikheid, as **deur JaHUaH wat die Gees is**.

Galilea was dan die plek van belang tydens JaHUsha se bediening, daar waar die meeste mense van die onbesnede nasies of heidene was. JaHUsha het vanaf Galilea gegaan om gedoop te word, maar dan weer teruggegaan na Galilea, om die Koninkryk daar te begin verkondig nadat Johannes as Sy Voorloper in die gevangenis gesit was.

> Mat 3:13 Toe het JaHUsha **van Galiléa** na die Jordaan, na Johannes gekom om deur hom gedoop te word.
>
> Mat 4:12 En toe JaHUsha hoor dat Johannes in die gevangenis gesit was, **het Hy na Galiléa teruggegaan**.
> Mat 4:13 En Hy het Násaret verlaat en gaan woon in Kapérnaüm aan die see, in die gebied van Sébulon en Náftali,
> Mat 4:14 **sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja**, die profeet, toe hy gesê het:
> Mat 4:15 Die land Sébulon en die land Náftali, **na die see toe, oorkant die Jordaan, Galiléa van die heidene**—
> Mat 4:16 die volk wat in duisternis sit, het 'n groot lig gesien, en die wat sit in die land en skaduwee van die dood, vir hulle het 'n lig opgegaan.
> Mat 4:17 **Van toe af** het JaHUsha begin om te preek en te sê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom.

Nadat Hy opgestaan het, het Hy Sy dissipels in Galilea ontmoet.

> Mat 26:32 Maar nadat Ek opgestaan het, sal Ek voor julle uit na Galiléa gaan.

Die dissipels word "Sy Broers" genoem nàdat Hy opgestaan het en hulle in Galilea sou ontmoet. Vanaf "Vriende" (Joh. 15:15) na "Broers", want daar het 'n Transformasie plaasgevind nàdat Hy opgestaan het, en dit word bevestig deur weereens Galilea die ontmoetingsplek te maak nà Sy opstanding. Dit is 'n


transformasie vanaf die Fisiese na die Geeselike. ‘n Voltooide Sirkel, want Hy het die Dood oorwin! …. Die Deur is nou oop, ons kan Droogvoets deur die ”Jordaan” trek en hoef nie meegesleur te word na die “Dooie See” nie.

> Mat 28:10 En JaHUsha sê vir hulle: Moenie vrees nie. Gaan heen en vertel **my broeders** dat hulle na Galiléa moet gaan; en daar sal hulle My sien.

Hulle was nou mede-erfgename met Hom as Eersgeborene en Eerstevrugte. Hy was die Seun en hulle was nou saam met Hom “kinders” van Elohiem, Broers dus.

> Joh 1:14 En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlikheid aanskou, ‘n heerlikheid soos van **die Eniggeborene** wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid.
>
> Kol 1:15 Hy is die Beeld van die onsienlike Elohiem, **die Eersgeborene** van die hele skepping;
>
> Rom 8:16 Die Gees self getuig saam met ons gees dat **ons kinders van Elohiem** is;
> Rom 8:17 en as ons kinders is, **dan ook erfgename**, erfgename van Elohiem en **mede erfgename van Messias**, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word.
>
> Heb 12:22 Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende Elohiem, die hemelse Jerusalem en tien duisende engele,
> Heb 12:23 by die feestelike vergadering en **die gemeente van eersgeborenes** wat in die hemele opgeskrywe is, en by Elohiem, die Regter van almal, en by die geeste van die volmaakte regverdiges,

**<u>Gilgal en Galilea</u>**






Net weer … Galilea beteken "kring/kringloop" *(circuit)*, soos wat die Fisiese se oorgang na die Geestelike die Kring voltooi het, en dit simbolies die Ewige Lewe voorstel.

Gilgal en Galilea is albei plekke waar besnydenis plaasgevind het. By Gilgal was dit Fisies, maar by Galilea was dit die Geestelike Hartsbesnydenis. Onthou die betekenis van Galilea: "Omtrek" of "Kring". (*Besnydenis in die Fisiese het ook die begrip van Rond/Sirkel, met die afsnyding van die voorhuid.*)

Besnydenis (fisies/geestelik) is die Teken van die Verbond (Gen. 17:2, 9 – 11, Hand. 7:8, Rom. 4:11, Rom. 15:8).

Die afsny van VLEES dui op die Fisiese wat verwyder moet word wanneer Geloof toegepas word (Ef. 2:11 – 15, Rom. 9:7 – 8, Rom. 2:28 – 29, Kol. 2:11, Kol. 3:11, Fil. 3:3, Gal. 3:3, Gal. 6:15).

Ons moet dus die Fisiese "doodmaak" om die Geestelike te kan hê. Geregtigheid deur die fisiese DOEN van die wet is om eie Geregtigheid te wil toepas en dit verwerp gevolglik Genade. As ons vir onsself Geregtigheid kon verkry het, dan hoef JaHUsha mos nie Sy lewe af te gelê het vir ons nie.

> Gal 2:20 <u>Ek is met Messias gefolter</u>, en **ék leef nie meer nie**, maar **Messias leef in my**. En wat ek <u>nou in die vlees lewe</u>, leef ek <u>deur die geloof in die Seun van Elohiem</u> wat my liefgehad het en **Homself vir my oorgegee het**.
> Gal 2:21 Ek <u>verwerp nie die genade van Elohiem nie</u>; want <u>**as**</u> daar geregtigheid **deur die wet is**, <u>dan</u> het <u>Messias tevergeefs gesterwe</u>.

JaHUsha het van Nasaret gekom wat in die omgewing van Galilea was. Sy bediening was grotendeels daar en snaaks genoeg, nie by Jerusalem nie. Eers aan die einde van Sy lewe het Hy na Jerusalem gegaan waar Hy vervolg, gevange geneem is en BUITE die stad gesterf het. (Die aardse Jerusalem word Sodom en Egipte genoem in Open. 11.)

> Mat 21:10 En toe Hy in Jerusalem inkom, het die hele stad in opskudding geraak en gesê: Wie is hierdie man?
> Mat 21:11 En die skare sê: Dit is JaHUsha, **die profeet, van Násaret in Galiléa**.

Hartsbesnydenis het ook nou te doen gehad met die fisiese besnydenis soos in die O.T. (Deut. 10:16, Deut. 30:6, Jer. 4:4, Jer. 9:25 - 26, Eseg. 44:7, Hand. 7:51).

Om die geestelike Beloofde Land te kan ingaan, verg dus 'n besnydenis, maar dis 'n Hartsbesnydenis. Dat die **afsny van Vlees** met die fisiese besnydenis getoon het dat die "Fisiese" verwyder moet word, kom na vore toe JaHUsha self dit in Matt. 5 – 7 verduidelik het hoedat die geestelike belangriker as die fisiese is, want as mens die Geestelike eerstens bemeester, sal hy nie kan toegee om die fisiese te doen nie. (bv. Kwaad word/Moord – as woede beheer word, sal dit nie uitloop op moord nie).

'n Hartsbesnydenis word vereenselwig met geloof in JaHUsha Messias (Rom. 3:30), net soos AbraHam ook in Hom geglo het (Rom. 4:9, 11), want hy het Sy dag gesien (Gen. 22/Joh. 8:56).

*(**Geloof** was en is nog steeds die voorwaarde vir onderskeidelik die fisiese besnydenis en die hartsbesnydenis, Rom. 3:30, waarvan vir ons in die Orde van Melgisèdek slegs die Hartsbesnydenis toepaslik is, Rom. 2:28 – 29, Fil. 3:3, Gal. 3:3, Gal. 5:3 - 6 . Elohiem het wel die besnydenis ingestel in Gen.*

*17, maar dit was lank nadat Hy reeds die Verbond met AbraHam gemaak het in Gen. 12 en Gen. 15. Die besnydenis was bedoel om **'n teken te wees** van die Verbond, soos 'n tipe Belydenis van hulle geloof, maar ons weet dat hulle deur hulle ongehoorsaamheid bewys het dat hulle **tog nie geglo het nie** en hulle besnydenis was dan vir hulle tot geen nut nie. Hulle het in die Woestyn gesterf en kon nie die Land ingaan nie, fisiese besnydenis en al, omdat die hartsbesnydenis in werklikheid ontbreek het.)*

So, Gilgal en Galilea word gekonnekteer deur die konsep van die "wegrol" van Beskuldiging, die Smaad van Egipte.

JaHUsha is besny net nàdat Hy sy Naam gegee is, Luk. 2:21. JaHUsha (JaHUaH wat verlos) het die kringloop voltooi deur vir ons die Fisiese Besnydenis op Hom te neem. Hy is nou die Saad van AbraHam uit wie die nageslag gebore word (Gal. 3:16, Rom. 4:11). Diè nageslag is geestelik en word genoem die Israel van Elohiem (Gal. 6:15 – 16).

'n Oorgang, *('n Transformasie)* het in Hom plaasgevind vir elkeen in wie Hy is en wie in Hom is (Kol. 2:11).

As JaHUsha nie opgestaan het nà drie dae en drie nagte nie, was die Weg nie geopen na die Ewige Lewe nie. Dit sou nie 'n voltooide Sirkel gewees het nie. Josua en die volk moes dan ook 3 dae wag voordat hulle oor die Jordaan kon gaan.

> Jos 1:11 Gaan die laer deur en gee die volk bevel en sê: Maak vir julle padkos klaar; want oor drie dae sal julle deur hierdie Jordaan trek om die land in besit te gaan neem wat JaHUaH julle Elohiem aan julle gee, om dit in besit te neem.
>
> Jos 3:1 Daarop het Josua die môre vroeg klaargemaak, en hy met al die kinders van Israel het van Sittim af weggetrek en by die Jordaan aangekom en daar die nag oorgebly voordat hulle deurgetrek het.
> Jos 3:2 En **aan die einde van drie dae** het die opsigters die laer deurgegaan
> Jos 3:3 en aan die volk bevel gegee en gesê: Net soos julle die **Verbondsark** van JaHUaH julle Elohiem **sien** *(Joh. 3:3)* en die Levitiese priesters wat hom dra, moet julle van jul staanplek af opbreek en **agter hom aan trek** *(Joh. 3:5).*
>
> Mat 12:40 Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die **Seun van die mens** <u>drie dae en drie nagte</u> in die hart van die aarde wees.

Drie dae en drie nagte en die Steen is **WEGGEROL** … die "Jordaan" is oopgemaak, ook vir ons wat die Verbondsark (JaHUsha) sien en dan bly volg! Daar is verlossing van Sonde en Dood en 'n geopende poort na die Ewige Lewe.

> Ps 24:7 Hef op julle hoofde, o **poorte**, ja, **verhef julle, ewige deure**, dat die Erekoning kan ingaan!
>
> Mat 28:2 En daar kom 'n groot aardbewing, want 'n engel van JaHUaH het uit die hemel neergedaal en gekom en **die steen van die opening weggerol** en daarop gaan sit.



By Gilgal is die Smaad van Egipte (om ‘n slaaf te wees van sonde van die wêreld) simbolies weggerol en by Galilea is die Sirkel van die Ewige Lewe voltooi.   “Amazing”!

> Open 1:8  Ek is die Alfa *(Alef)* en die Oméga *(Tav)* , die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.
>
> Open 22:13  Ek is die Alfa *(Alef)*  en die Oméga *(Tav)*, die begin en die einde, die eerste en die laaste.

Fisiese besnydenis was nodig om die fisiese Beloofde Land te kon ingaan, maar Besnydenis van die Hart is noodsaaklik om die geestelike Beloofde Land te kan ingaan.

Volgens die Woord het Josua (as ‘n tipe van JaHUsha) het die fisiese besnydenis toegepas.  JaHUsha pas self die Hartsbesnydenis toe, maar dan moet mens persoonlik met Hom kontak maak sodat Hy dit kan volbring.

> Mat 11:28  Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.

---------------

**BYVOEGING** …

Hierdie is nou negatief en daarom plaas mens dit liewer agterna.  Die Vyand kopieër alles en sy sirkel is die Oroboros.  Dit toon hoedat hy die hele wêreld onder homself wil een maak as die Slang van Gen. 3.



Ons moet bewus wees van sy planne sodat ons nie onbewustelik vir die Verkeerde Span speel en ‘n Voertuig word vir sy planne nie (2 Thess. 2).

JaHUsha het gesê dat Sy Koninkryk nie van hierdie wêreld is nie (Joh. 8:36), terwyl Satan die god van hierdie wêreld is (2 Kor. 4:4), omdat hy die heerskappy daarvan by Adam en Eva (Gen. 1:26,28) gekaap het toe hulle hom gehoorsaam was. So bevind ons ons wel fisies op die vyand se terrein, maar geestelik is ons burgers van die Hemelse Koninkryk. Geen fisiese Jerusalem of Israel dus, maar wel die Nuwe Jerusalem van daarbo, Open. 21 - 22.

JaHUsha het ook gesê dat Hy die wêreld oorwin het, Joh. 16:33 **PLUS** Messias is in ons … (Rom. 8:10, 2 Kor. 4:6 – 7, 2 Kor. 13:5, Gel. 1:15 – 16, Gal. 2:20, Kol. 1:27). Kry die antwoord van daardie som.

Identifiseer waar die Rooi ligte is saam met Texe Marrs wat in 'n neutedop verduidelik …

- http://www.texemarrs.com/072016/holy_serpent_of_jews.htm
- http://www.texemarrs.com/092012/holy_serpent_of_jews.htm

**BAIE BELANGRIK:**

JahUsha het die Slang oorwin het by die Folterpaal en dis voor Hom wat elke knie sal buig …

> Kol 2:13 En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het,
> Kol 2:14 en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael,
> Kol 2:15 nadat Hy **die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het.**
>
> Fil 2:6 Hy, wat in die gestalte van Elohiem was, het dit geen roof geag om aan Elohiem gelyk te wees nie,
> Fil 2:7 maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword;
> Fil 2:8 en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.
> Fil 2:9 Daarom het Elohiem Hom ook **uitermate verhoog** en Hom 'n naam gegee wat **bo** elke naam is,
> Fil 2:10 sodat in die Naam van JaHUsha sou **buig elke knie** van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is,
> Fil 2:11 en **elke tong sou bely** dat **JaHUsha Messias die Meester is** tot heerlikheid van Elohiem die Vader.

Onthou ook die laaste toneel wat afspeel voordat die gordyne toegaan op die Verhoog van die Wêreld, Open. 19 – 22. HalleluJaH!

0-0-0-0-0

AndriYaH
Mei 2018